NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

September 2011 **September 2011**

Redaksioneel

Dit is lekker om na so ‘n suksesvolle maand te skryf oor al die dinge wat gebeur het.

Om mee te begin is dit seker nodig om die jaarlikse uitstalling uit te lig. Ek kan nie anders nie as om, soos Willie de Wet tydens die laaste maandvergadering gedoen het, die Voorsitter en sy span geluk te wens met ‘n hoogs suksesvolle poging. Die vergaderplek was puik, die uitstallers en die handelaars wat deelgeneem het was baie interessant en die lede wat demonstrasies gegee het baie goed daarin geslaag om die publiek se aandag te kry. Vir my persoonklik was dit lekker om te staan en draai en al die vrae en kommentaar van die publiek te hoor.

Secondly we had a very interesting monthly meeting, where once again a competent and enthusiastic speaker succeeded in keepng us spelbound for the greater part of the evening.

Tydens hierdie maand het ek ook weer eens die geleentheid gehad om onder die indruk te kom van hoeveel die vereniging werklik vir ons almal kan beteken.

Programme for September

- Wednesday, 21 September 2011 at 18h00: The turners will meet at the workshop of Piet Smith. The address is 25 Helderkruin Single, Woodhill Estate. Telephone number 082 456 8372.
- Wednesday, 28 September at 18 h 00: Monthly meeting at the Botany Laboratory, University of Pretoria. The theme for the evening is a presentation about woodwork training in South Africa by various experts on this particular subject. This is a subject that may be of interest to most of us.

From the Chair / Vanaf die Stoel

The Woodwork Exhibition which is the Premier event each year is over and in general was a great success at the new venue of the New Hope School. Some key success indicators are:

- Attendance was about the same as in 2010;
- Membership attendance was around 60%;
- Many Members wore the new Association shirts which was good for our image!;
- Sales of woodwork items increased from R 8 000 to about R 12 000;
- We had an increased number and variety of Suppliers;
- Five persons applied for membership;
- The new venue suited our needs very well and we had excellent co-operation from the school;

- The donations of toys and the Brian Addis Chairs to the School were received with grateful appreciation.

Your Management Committee will be examining the various aspects of the Exhibition in greater detail in order to make inputs for 2012! My heartfelt thanks go to everyone who participated from Committee Members, Association Members, Suppliers, New Hope School and of course the members of the Public.

Die Uitstalling 2012 sal soos in die verlede 'n bietjie later in die jaar wees. Ons het dit vanjaar vervroeg weens die rugby! Intussen moet lede alreeds voorbereidings tref vir nuwe pragstukke vir die Uitstalling volgende jaar!

Belangrike byeenkomste vir die res van die jaar is:

- Maandelikse vergaderings;
- Vergaderings van die draaiers en meubelmakers;
- **Braai op Saterdag 19 November**.

Groete

Paul Roberts

Voorsitter / Chairman

Cabinet makers

Tambotie missed the July inputs of this sub-group. Apologies for that. To give credit where it is deserved the activities of the last two months is included.

Cabinet Makers 9.7.2011

The Cabinet Makers Interest Group met at the home of Paul Roberts and despite the cold, we had a good attendance of 15 persons. We were pleased that several new members joined our group. The topic for the day was **Glues and Gluing.** Paul led the "workshop" supported by a series of slides. Paul used three Fine Woodworking (FWW) articles on the topic as a basis of a comparison of different glues.

- FWW134: 1999: *A working guide to glues*
- FWW176: 2005: *Six essential glues*
- FWW192:2007: *Your glue?* (Tests of 6 types to breaking point)

It was found that PVA waterproof glue gave the highest strength and was the best overall and was closely followed by PVA glue (yellow) which was rated as "Best Value". The attendees contributed to the discussion on the basis of their wealth of experience.

Paul then showed a series of pictures illustrating various gluing situations and touched on clamping techniques, dealing with glue squeeze and applying glue to surfaces.

It was decided at the meeting that **Klaas Coetzee** would lead the Cabinet Makers Group and be supported by Paul and Leon.

The next meeting in **August** will take place **on Saturday 13 August at 09 h 00 at a venue still to be finalised. The topic of the day will be "Sharpening".**

Cabinet Makers 13.8.2011

The Cabinet Makers Interest Group met at the home of Paul Roberts and we had a good attendance of 12 persons. The topic for the day was **Joints: Tenons on a circular saw.** Paul led the "workshop". Paul explained the principles of cutting tenons on a circular saw using the diagram below.



Principles of tenons on a circular saw

The depth of cut is determined from the formulae given above and the specially made jig is set on the table saw using a digital calliper. Paul stressed the important use and application of shims to fine-tune the settings and to make controlled adjustments. The importance of making a trial or test joint was emphasised.

Paul illustrating the trial joint.

Cutting the tenon on a table saw

Note use of clamps to hold work piece

For convenience, Paul used a radial arm saw with a 1.9 mm fine kerf blade to trim off the cheek of the tenon. Care must be taken with the radial arm saw to ensure that it is adjusted properly to obtain a square cut.

Trimming cheek with a radial arm saw

Following this demonstration, other members participated and made inputs on other joints. Klaas Coetzee showed the application of

"floating or loose tenons" which he made himself from hardwood and which are shown below. The advantage of this approach is that only the mortises are machined and close fitting joints are made.

Floating or loose tenons

Douglas Lock demonstrated how he cut accurate finger joints on a router table using a simple jig,

Finger joints and a router table jig

Udo Bohmer demonstrated a shop-made jig for cutting mortises on a router.

Mortise jig

The next meeting in **September** will take place **on Saturday 10 September from 09h00 in the form of a visit to the East Rand Woodworker's Association Fair.** Group transport is being arranged.

Paul Roberts

Advert

Items for sale / Items te koop

1. **Record Bandsaw** on stand and spare blades, mitre fence and top guide bearings. R2 000. Model RSBS12 150mm throat, 300 mm width. Paul Roberts 084 515 2773.

2. **Wood** Various sizes, teak, Oregon flooring, thin marine ply, thin aluminium sheets Neil Black, Tel 082 666 5050, 012 664

4082, 91 Burger Ave (near corner of Langebrink Rd), Centurion.

3. Hout:. ‘n Vrag afvalhout (kort en lang stukke – beide planke en balke). Hoofsaaklik dennehout, met hier en daar ‘n ander soort tussenin. Beskikbaar in 10de Laan, Gezina, Pretoria (naby spoorlyn). Hout is dalk gratis. Bel Henk Oosthuÿzen 072 280 2458

BOME VAN DIE JAAR – 2011

Lou Coetzer

Soos elke jaar, vier en plant ons ‘n *Boom van die Jaar* gedurende die eerste week van September om die aanbreek van die LENTE te herdenk en te vier. Soos verlede jaar is daar weer drie ‘*bome van die jaar’* vir vanjaar aangewys. Een daarvan is ‘n meer algemene en bekende soort en twee minder bekendes. Die meer bekende boom is *Pappea capensis* (doppruim / jacket plum / bushveld cherry) (van die Sapindaceae – Litchi-familie) wat veral in die savanna-bosveld baie algemeen voorkom. Dit kan maklik van saad gekweek en in ons dorpstuine aangeplant word aangesien dit relatief stadig groei en dus nie reusagtig groot word nie. Behalwe vir sy aantreklike vruggies wat soos klein Litchis lyk, is die plante immergroen met relatief harde blare en voorsien ‘n mooi skadu.

Die tweede soort wat vir vanjaar gekies is, is *Nuxia congesta* (gewone wildevlier / common wild elder / brittlewood) (van die Buddlejaceae – wildevlier-familie). Dit groei tot ‘n immergroen struik of kleinerige boom en kom veral in kuswoude, binnelandse woude en soms op rotskoppies in savanna-bosveld voor. Met sy welriekende blomme om bye en skoenlappers te lok, is dit ‘n baie geskikte boompie vir dorpstuine. Dit kan matige droogte en ryp verdra.

Die derde boomsoort vir vanjaar is *Pavetta lanceolata* (treurbruidsbos / weeping bride’s bush) (van die Rubiaceae – koffie-familie). Soos *Nuxia congesta*, groei hierdie boomsoort ook in die Oos-Kaapse kuswoude asook noordwaarts deur Mpumalanga tot bo in Limpopo. Dit word nie baie groot nie en is meesal struikagtig. Die wit trosse blomme is baie opvallend en het ‘n soet geur wat insekte en voëls lok. Hierdie immergroen struik is baie geskik vir ‘n kleinerige dorpstuin.

Die hoof-idee van die *Boom van die Jaar* is tweeledig. Eerstens maak dit ons as algemene publiek bewus van die groot verskeidenheid boomsoorte in Suid-Afrika, en tweedens moedig dit ons almal aan om hierdie boomsoorte beter te leer ken en daarvan in ons tuine of elders aan te plant. Ons weet almal reeds dat bome baie koolsuurgas opneem en in die vorm van sellulose in die hout van die stam en takke vaslê. Hierdeur lewer die bome (en ons wat hulle aanplant en laat groot groei) ‘n bydrae tot die verlaging van ons koolstofvoetspoor en die koolsuurgas-konsentrasie in die lug. Op die lang duur kan dit aardverwarming teëwerk of help teëwerk. Dra dus jou deel by.

NAME EN NAAMGEWING

Lou Coetzer

In die Plantnomenklatuur, die wetenskap van plante se benaming, word gereeld gestoei met nuwe name wat die oues vervang. Soos nuwe kennis ontbloot en hersienings van plantgroepe gedoen word, kom nuwe insigte na vore en word vrae gestel oor die geldigheid van bestaande name en familie-verwantskappe. Nuwe name word dan meesal teësinnig aanvaar en toegepas want dit is vreemd vir die gebruikers en soms ongerieflik. Gewoonlik is hierdie veranderinge as gevolg van die toepassing van vaste nomenklatoriese reëls, en word dit dan meer geredelik aanvaar. Een so ‘n reël bepaal dat die oudste, geldig gepubliseerde naam die korrekte een is en voorrang bo die ander geniet. Dit word dan in alle publikasies as die amptelike wetenskaplike naam gebruik met die ander name as sinonieme daarvan.

‘Geldig gepubliseerde naam’ sluit ondermeer in dat die oorspronklike naam gerugsteun word deur ‘n beskrywing van daardie plantsoort wat op ‘n planteksemplaar gebaseer is en wat iewers in ‘n erkende herbarium bewaar word. Hierdie eksemplare staan as tipes bekend waarvan daar verskillende soorte is. Indien daar later enige twyfel oor die korrektheid van die beskrywing of die naamgewing sou ontstaan, kan en moet daar weer na hierdie tipe terug verwys word om die saak op te klaar.

So het dit in die onlangse verlede gebeur dat met die hersiening van die genus *Rhus*, ons bekende kareesoorte, dit aan die lig gekom het dat die genusnaam op ‘n Amerikaanse eksemplaar gebaseer is en dat die Suid-Afrikaanse *Rhus*-soorte in ‘n groot mate daarvan verskil. Soveel so dat daar nie regverdiging voor bestaan om *Rhus* vir ons kareesoorte te gebruik nie. Die Suid-Afrikaanse soorte was reeds onder die subgenus *Searsia* gerangskik en die logiese uiteinde was om hierdie subgenus tot genus te verhef en al die Suider Afrikaanse soorte daaronder te klassifiseer. Ons bekende karee is dus nou *Searsia lancea*.

‘n Ander riller het hom intussen begin afspeel aangaande die Suid-Afrikaanse en Australiese Acacias. Hierdie verhaal sluit gelukkig goeie nuus saam met die slegte nuus in. Ongeag bogenoemde reël aangaande die oudste, geldig gepubliseerde naam, het die Australiese planttaksonome die genusnaam *Acacia* vir hulle boomsoorte gekaap deur hierdie reël te buig. Die slegte nuus is dat dit lyk of hierdie ‘kaping’ toegelaat gaan word en ons doringbome amptelik nie meer as Acacias bekend sal staan nie. Soos met die *Rhus*-soorte, is ons Acacias lank reeds in twee subgenusse verdeel wat nou verhef sal word en genusstatus gaan kry. Die twee nuwe genusse is *Senegalia* en *Vachellia*. Die genus *Senegalia* sal al die doringboomsoorte met haakdorings insluit – bv *Senegalia galpinii* vir ons apiesdoring, terwyl die genus *Vachellia* al die soorte met reguit of effe krom steekdorings sal insluit – bv *Vachellia karroo* vir ons soetdoring.

Die goeie nuus is dat ons nog vir baie jare die naam *Acacia* vir ons doringbome sal kan gebruik. Aan die een kant is dit baie moeilik om ‘n naam soos *Acacia*, wat reeds so diep ingeburger is, sommer so oornag weg te laat en met ‘n ander naam te vervang. Aan die ander kant het die Suid-Afrikaanse taksonome nog nie bes gegee nie en sal hierdie geveg oor die behoud van die naam *Acacia* vir ons inheemse doringbome, steeds voortgesit word. Intussen bly ons die naam *Acacia* gebruik.

Draaiers se hoekie

DRAAIERS IN AUGUSTUS

Lou Coetzer

Augustus was ‘n besonder aktiewe maand vir die draaiers met twee byeenkomste wat volop geleentheid vir draai-aktiwiteite en kuier gebied het. Die eerste hiervan, ons bonus-byeenkoms, was op Dinsdag die 9de toe die groep by Leon Langenhoven se ruim werksplek vergader het. Soos die gebruik nou al is, is die verrigtinge met ‘n braai en kuier afgesluit waarin Leon lekker mieliepap en sous saam met die koffie/tee en vure voorsien het. Baie dankie aan Leon vir al sy moeite. Beide byeenkomste het ons jaarlikse uitstalling voorafgegaan en het dus grootliks op voorbereidings en reëlings vir die uitstalling aan die einde van Augustus gekonsentreer.

‘n Groot verskeidenheid draaistukke is as huiswerkitems voorgelê waarvan Kobus Nieuwhoudt se Romeinse lampetbeker beslis die oog gevang het. Die administratiewe sake het grootliks rondom die komende uitstalling gedraai en Jack Munting het dit flink afgehandel sodat ons by die “aksie” van die dag kon uitkom naamlik die draai van spintolle en ander soorte speelgoed vir Nuwe Hoop-skool, asook die oefening om op een van Leon se “meneer”-draaibanke te probeer diep uithol. Laasgenoemde aksie het vir die meeste opwinding gesorg met toeskouers wat gereeld moes koes vir die stukke hout wat vanaf die houtblok rondgevlieg het. Ek het die indruk gekry dat almal wat wou diep uithol oefen, nie

hierdie aksie voldoende benut het nie en dat ons iewers vorentoe weer so ‘n geleentheid sal moet reël.

Die tweede byeenkoms van die maand was op Saterdag 18de by Waldo Fourie se plek. Dit het by ‘n rustige en informele atmosfeer in Waldo se grasdak-lapa plaasgevind. Weer was daar pragtige huiswerkstukke – die meeste vir ons uitstalling bedoel – en het almal teenwoordig verstom gestaan oor die mooi en uiteenlopende stukke wat gedraai is. Dit het vanaf piepklein tot die reuse bak van Carel van der Merwe gevarieer (kyk meegaande foto’s). Tydens pouse het Leon Wolmarans en Dries du Toit probeer om die nuwe embleem-hemde uit te deel. Dit het egter tweede viool gespeel, want Waldo het ons op vars potbrood en konfyt getrakteer wat vir eers die primêre belangstelling was. En was dit lekker. Daarna het die lede eers begin om die nuwe hemde te ontvang.

Ons volgende byeenkoms is op **Woensdag 21 September** om 18:00 in die werksplek van Piet Smith. Sy adres is **Helderkruin Singel 25** in **Woodhill**. Skakel hom by **012-993-2720** of by **082-456-8372** indien jy sukkel om daar uit te kom. Die **huiswerk** vir daardie aand is enige tipe bakkie met ‘n natuurlike rand.

*Our next meeting is on Wednesday 21st September at 18:00 in the workshop of Piet Smith. His address is **25 Helderkruin Single** in **Woodhill**. Please phone him at **012-993-2720** or **082-456-8372** if you have any difficulty in locating his home. The **homework** for that evening is any type of natural edged bowl.*

‘n Goeie versameling huiswerkstukke daar by Leon uitgestal met Izak en Wille wat dit peinsend betrag. Kobus se lampetbeker staan direk agter Anton se Rooi-ivoor pepermeul.

‘n Paar van die mooi stukke van nader gesien met Willie se pragtige olienhoutstukke in die voorgrond en Hannes se boekenhoutbak met gevleuelde rand regs agter. Almal tog te pragtig.

Leon Wolmarans waag sy hand aan die diep-uithol-aksie. Die foto wys nie juis stukke wat rondtrek nie, maar deelnemers moes vashou aan die beitels en konsentreer op die aksie.

Carel se harpuisboom-bord het hard gespook om meer aandag as die bloupot (in die agtergrond) te kry. Links agter staan van Andrew se mooi holvorms en 'n paar van At se "wobble"-potte.

Vorige vergadering

Tydens ons vorige vergadering het ons 'n baie interessante aanbieding deur professor Alewyn Burger ontvang oor ons inheemse hout. Hier is 'n man wat eerstens 'n ware kenner is van dit wat hy aangebied het. Dit het gepaard gegaan met 'n duidelike entoesiasme vir die onderwerp onder bespreking. Wat vir my persoonlik opgeval het was die skaarste wat ons in Suid-Afrika het aan inheemse bos. (Slegs 'n ¼ % van die land oppervlakte bestaan uit ware bosse waar 'n mens kan verwag om nomenswaardige hoeveelhede hout vir gebruik te bekom!) Hieraan gekoppel is die feit dat ons hier in Pretoria inderdaad eintlik in 'n grasvlakte bly. Al die pragtige bome wat ons oral om ons sien is dit wat onsvoorsate en ons self oor die afgelope ongeveer 100 jaar aan geplant het. (Ek het met prof Burger se hulp/ samewerking 2 foto's wat laasgenoemde sal illustreer as aanhangsels hierby ingesluit) Verder het ons geleentheid gehad om voorbeelde ("Samples") van 'n groot hoeveelheid van ons inheemse hout te sien. Dit was duidelik dat ons pragtige hout het, net jammer dat dit weens natuurlike skaarste en oorbenutting van die verlede so skaars raak!

Na hierdie uitstekende praatjie het die voorsitter voortgegaan om 'n trekking te hou waar 'n groot aantal gereedskapstukke wat deur die uitstallers tydens die uitstalling geskenk was aan gelukkige "wenners" oorhandig is. Dit is 'n gebaar wat hoog op prys gestel word.

Willie de Wet het seker ons almal se gevoel saamgevat die Voorsitter en die komitee in besonder te bedank vir 'n baie geslaagde uitstalling.

Die uitstalling 2011

Soos reeds gemeld was hierdie jaar se uitstalling weer eens 'n groot sukses.

The exhibits were entered at an early stage on Friday afternoon. This cooperation by our members ensured that all the admin like the adjudication of the entries, the organising of the hall etc. could be finished at an early hour.

On Saturday morning everything was in line and in time to start the day as planned.

We had just on 500 people in attendance, which was rougly the same as last year. This in spite of the fact that we had a new venue which is a little less easily reached than was the case with the Lions club. The sales at this year's event came to about R 12 000, which is very encouraging as it would seem that our members are slowly succeeding in making the public aware of the uniqueness of properly made wooden items. Should we continue in this way we may just get a renewed interest in woodwork?

Die van ons wat draai-demonstrasies gelewer het, het heelwat belangstelling by die besoekers uitgelok. Daar was 'n groot verskeidenheid van draai- tegnieke waarna gekyk kon word. Ek het die geluk getref dat een slim ou gevra het of ek 'n queen Ann- poot kan draai. Ek weet dit word "off center" gedoen maar het dit nog nooit self geprobeer nie. Ek het egter gesê ek kan en met 'n bietjie dink die ding gemaak. Dit het heel gaaf uitgekom en 'n lekker gesprek uitgelok!

Die handelaars wat uitgestal het is ook heel gelukkig huis-toe aangesien heelwat mense gereedskap aangekoop het. Hierdie besighede het natuurlik ook 'n groot rol te speel in die sukses van ons jaarlikse uitstalling. Dit is dan seker ook reg dat ons lede tog maar moeite moet doen om die ouens deur die jaar te ondersteun.

In order to give a little idea as to what the exhibition looked like I include a few photos.

The cabinet makers' chairs that was donated to the New Hope school. Our late member, Brian Addis, had a large role to play in this worthy cause, that was highly appreciated by the school.

(Note the bollard to prevent a child from slipping off the chair)

Toys

The adjudicators hard at work on Friday evening

The traders' exhibition area

The hall on Friday evening with the adudication still inprogress

Leon Wolmarans is having a conversation with Kishor from Hardwar Centre

This years Trophy winners were:

Ian Minty: Daan Badenhorst Trophy

Kobus Mostert: Aanhouer Wen Trophy

Johan Labuschagne en David Malan: Phil Irons Trophy

Ian Minty: Executool Trophy

Nuwe lede

Dit is aangenaam om die volgende nuwe lede in ons midde te verwelkom..Ons almal vertrou dat julle baie gou en gemaklik sal inskakel by al ons bedrywighede. Moet nie skroom om enige lid van die vereniging te nader om hulp van enige aard nie. Hierdie is seker die grootste voordeel van lidmaatskap: die feit dat jy 'n baie groot bron van hulp en raad het waarop jy te alle tye kan staat maak.

- Marius Louw
- Albert Nobrega
- Johan Basson
- Riaan du Plessis
- Alan le Roux
- Paul Mowat
- Steven Potgieter

(***By die uitstalling het 'n verdere 7 mense aangedui dat hulle gaan aansluit. Die komitee is besig om op te volg. Red)***

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za